MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

332 jaar van genade
1686—2018

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Jaargang 18: Tweede Semester 2018

Kyk binne vir:




Goddelike Humor 3



Reis met Verlies 6



Masandise Vreugde 9



BecomingKids 10



KK-Kronieke 11-12

Stillebos Retreat 15



Ouers & Jeug 17-18




Chippie-portrette 19

# Kan daar iets goeds uit die NG Kerk kom?

Met die provokerende vraag of daar iets goeds uit die NG Kerk kan kom, het ek Bloemfontein so 'n rukkie gelede aangedurf. By 'n konferensie van Vrystaatse dominees moes ek saam met n paar ander sprekers in die toekoms probeer intuur om die toekoms van die NG Kerk te voorspel. 'n Onbegonne taak. Ek het my dus eerder gewend tot 'n denkoefening waarin ek vier scenario's bedink het wat te make het met die mate van "inkarnasie" en die mate van "innovasie" waarin die NG Kerk haarself in die volgende paar jaar sal begewe.

- In die woord "inkarnasie" is die Latynse woord "*carni*" (in die vlees) ingebed. Wat hiermee bedoel word, is die mate waarin die NG Kerk haarself volledig as 'n kerk in Suid-Afrika en Afrika sal verstaan en so sal uitleef. Die woord "inkarnasie" verwys natuurlik ook na die vleeswording van Christus. Christus kon ons Verlosser wees omdat Hy ons wêreld en ons menswees aangeneem het. Omdat Hy 'n inwoner van Nasaret geword het. Dit is 'n belangrike vraag of die NG Kerk al werklik 'n inwoner van Suid-Afrika geword het. Indien wel, is die benaming "Nederduitse" toenemend 'n wanklank.
- In die woord "innovasie" is die Latynse stam "*novus*" (nuut) ingebed. Wat hiermee bedoel word, is die mate waarin die NG Kerk daarin kan slaag om die waarde wat sy bied só te kan verwoord en verpak dat dit werklike behoeftes outentiek aanspreek. Die "nuwe" is eweneens 'n teologiese konsep. "'*Kyk, ek maak alles nuut,*' sê God!" En tog is die vind van die nuwe nie 'n deurhaling van die "ou, ou tyding" nie, maar om dit op 'n relevante manier tot uitdrukking te bring.



*Vervolg op 2*

MARIÉ SKRYF OOR

## Die geskenk van Stilte….

Op my lewensreis het ek ontdek dat daar in stilte 'n geskenk en gawe lê wat nêrens anders in die lewe te vinde is nie. Daarom dat die ontmoeting van God met Elia, waarvan ons lees in 1 Konings 19, vir my so betekenisvol is. Elia het God gesoek in die baie sterk wind, in die aardbewing, in die vuur – en is toe verras deur God te vind in die fluistering van die windstilte. Die skrywer Thomas Merton sluit hierby aan deur te sê: *"Silence is God's first language and everything else is a bad translation."*


Stilte is beide 'n dissipline en 'n gebed. Ons leef in 'n wêreld wat dikwels besig, kompeterend en afleidend is. As gevolg van hierdie dinamika in ons daaglikse lewe, as ons eerlik met onsself is, word ons dikwels vasgevang in die wêreld se illusies en ons eie blindekolle en skadukante. Stilte is 'n manier om terug te kom, om te herverbind .... aan onsself en aan God en aan die wêreld met haar veelsydige skoonheid, goedheid en gawes.

Stilte gee ons die geleentheid om weer bewus te raak van Jesus se woorde: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe", in 'n wêreld wat soveel ander "waarhede" aan ons wil voorhou. Stilte help ons om weer op reis te wees, in plaas van om ons wiele te draai, op pad na nêrens, en om weer te fokus op die deurlopende kreatiewe krag van God in die huidige oomblik. Stilte help ons om bewus...

*Vervolg op 2*

En dit, na my mening, bring ons by die vier scenario's.

1. Die eerste scenario is waar die NG Kerk nie slaag om 'n hoë vlak van inkarnasie óf van innovasie te bereik nie. Soos 'n tydreisiger ("Time Traveller") spring sy die heeltyd na gister toe met nostalgie oor die "goeie ou dae". Of sy spring na môre toe, maar na 'n geïdealiseerde toekoms waar dinge weer sal wees soos dit was. 'n Herwinning van die invloed, al is dit in kleiner kring, en herwinning van die gevoel van geborgenheid en sekerheid is die kernverlangens in hierdie verband.
2. "*Missing the Point*" beskryf 'n scenario van hoë innovasie, maar lae inkarnasie. Dis waarskynlik 'n "*cool*" en "*funky*" kerk, wat bygekom het met die nuutste maniere van doen. Maar omdat die inkarnasie nie daar is nie, is sy bra nutteloos vir haar omgewing en gemeenskap en eerder gerig op bemarking en handelsmerkbestuur ("*branding*").
3. Die "*Dinosaur*"-scenario is een van lae innovasie maar hoë inkarnasie. Die identifikasie met plek (inkarnasie) is hoog, maar die aanpassing by veranderde omstandighede en vindingryke maniere om binne beperkinge oplossings te optimaliseer, ontbreek. Die ondergang van die dinosourus was dat dit nie vinnig genoeg kon aanpas by 'n snel veranderende habitat nie en met nuwe maniere vorendag kon kom om take uit te voer wat in sy basiese lewensbehoeftes kon voldoen nie.
4. Die mees lewenskragtige scenario noem ek "*Connecting the Dots*". Hoë vlakke van beide inkarnasie én innovasie verleen 'n ligtheid aan die NG Kerk, 'n ratsheid en veerkragtigheid wat deur 'n vars en vreugdevolle deelname aan en bydrae tot haar omgewing gekenmerk word. Die rede hoekom dié scenario "*Connecting the Dots*" genoem word, is dat dit gepaard gaan met 'n fyn waarneming ("*sensing*"). So verweef met haar gemeenskap en land, so deel daarvan en so ingestel om geleenthede tot diens raak te sien, is sy dat dit 'n natuurlike soeke raak na moontlikhede. Sy begin patrone raaksien ("*connecting the dots*") en daarop reageer. Sy versterk die patrone van hoop deur daardie momentum te volg, en vermy die patrone van selfbelang deur dit aktief te ignoreer. Sy eksperimenteer graag met nuwe opsies, sy kyk wat gebeur, ontleer en leer daaruit, sy probeer weer en wéér en in die terugvoerlusse soek sy na die stories van hoop en luister sy fyn na die lied van die Koninkryk.




**Watter scenario werklikheid sal word, lê in ons hande as navolgers van Jesus Christus en lidmate van die NG Kerk.**

'n Paar vlaggies wat ek wel wil opsteek, is die volgende:

- ♦ Die "denominasie" NG Kerk sal in belangrikheid moet verminder en die betekenis van die plaaslike gemeente as deel van haar gemeenskap en omgewing sal moet groter word. En wat is Nederduits"? Ons is nie van Nederland of Duitsland nie, ons is kerk in Afrika en ons kan dit maar begin sê en leef.
- ♦ Ons moet meer oor God praat en nie minder nie. Soms lyk dit of die kerk dink ons moet byderwets wees en oor alles anders praat as oor ons verhouding met die Lewende Here. Die vorming van geloof en ons reis met die Here, die vind van stilte waarin die Here met ons praat, dít is juis wat die kerk kan gee wat anders is as wat mense op ander plekke kan kry.
- ♦ Ons sal vinnig fikser moet raak met die hantering van diversiteit. Om met mekaar te kan verskil en tog mekaar te bly vashou, is die vaardigheid wat ons moet leer.

Vir Moederkerk is die vraag wat dit vir ons beteken om 'n Rivier van Lewende Water te wees. Doen ons dit op nuwe maniere wat relevant en eg is vir ons tyd en plek? Doen ons dit as deel van ons gemeenskap en sodat Stellenbosch ook Koninkryk van God kan wees?

***Johan van der Merwe***

***Voortgesit van 1 af:*** ... te wees van die geskenk wat gevind word in om te sien, te hoor, te proe, aan te raak en te ruik... In alles wat die lewe ons wil bied. Stilte help ons om ons gevoelens te besit, om die gevoel te *voel* en om die baie gevoelens wat ons elke dag ervaar, te verken as deure na God se hart. Op hierdie manier word ons ryker persone, meer verbind en sensitief aan ons outentieke self, aan God en ons roeping in hierdie wêreld. Stilte bring ons in intimiteit met onsself en met alles wat die lewe bied.

Stilte-*Retreats* wil juis hierdie ruimte bied as dissipline en gebed, waar ons voor God kan kom wees en onsself kan oopstel vir die werk en die teenwoordigheid van God se Gees in ons lewens. Die doel van Stilte-*Retreats* is om opnuut te konsentreer op dit wat werklik belangrik is, sodat ons met 'n helderder visie ons roeping in hierdie wêreld met al sy uitdagings kan gaan uitleef.

In Moedergemeente is daar gereeld geleenthede vir stil word. Elke Vrydagoggend 8:15-8:45 tydens die skoolkwartale is daar 'n stil-meditasie-geleentheid met nagmaal in die kerkgebou.
Ons het ook vanjaar reeds drie Stilte *Retreats* vir lidmate by die *Stillebosch Retreatplaas @Anatoth* aangebied en kan met groot dankbaarheid getuig dat, soos in die tyd van Elia, God steeds sy stem helder en duidelik laat hoor in die fluistering van die windstilte….

**Meer oor die Stillebosch Retreatplaas@Anatoth.....**

Die Stillebosch Retreatplaas@Anatoth op die Bottelarypad 18km buite Stellenbosch, is 'n ruimte wat in die afgelope tyd ontwikkel en opgegradeer is as 'n ideale ruimte vir Stilte-*Retreats*. Die stuk grond is in 1997 deur 'n Amerikaanse vrou, Pat Stephenson, gekoop en aan die Anatoth Trust geskenk. (Huidige trusteelede sluit in prof Jurgens Hendriks en Hannes Koornhof), met die uitsluitlike doel om Christelike *retreats* te huisves.

Van 2016 af is Stephan Britz (Marie se man) aan die stuur van die plaas en die bediening. Die plaas bied 'n heerlike ruimte vir stap tussen die olyfboorde van Anatoth (die naam beteken "antwoord op gebed") en die welbekende wingerde van Groenland en Kaapzicht, omring deur die Bottelaryheuwels met uitsigte oor Tafelberg na die een kant en die Bolandse berge na die ander kant. (*Sien foto's op bladsy 15. **Red***.) Die plaas se visie is juis om 'n ruimte te skep van stilte, afsondering en eenvoud. Dit word so verwoord:

*"At Anathoth Retreat Farm it is our mission: to create and manage a facility where people can re-discover, through silence, solitude, simplicity and in nature, this deep spiritual hunger for God. The aim is to renew and restore their relationship with God, themselves, people and the world around them. Our Goals: [to be] a Christian community, living and working in a life of celebration and simplicity within the riches of silence and contemplative prayer in nature. "We aim to provide a safe space for visitors to co-experience the uniqueness of silence and contemplative prayer as part of their journey with God."*

Stillebosch
Retreat Farm
SILENCE, SOLITUDE & SIMPLICITY

Vir navrae of besprekings van stil dae of *retreats* kan Stephan Britz genader word by info@stillebosch.co.za.

## KUNSUITSTALLING IN HOFMEYRSAAL

# “Gevind!”



“Bring vir ons die vetgemaakte kalf, want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword, hy was verlore en is weer **gevind**.” Luk.15:24



Die **Stellenbosch Kunsvereniging** het in samewerking met **Moederkerk** van 29 September tot 7 Oktober ’n uitstalling in die Hofmeyrsaal gehou, met die tema “**Vind**”. Jong, opkomende kunstenaars is ook geborg, soos die 14-jarige W.J. met sy skildery van die Moederkerk, ***onder:***





Wie ’n vrou kry, **vind** geluk en geniet die goedheid van die Here. Spr. 18:22





Doen met toewyding alles wat jou hand **vind** om te doen. Pred. 9:10

So sê die Here: “Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is, en loop dit, dan sal julle rus **vind**.” Jer. 6:15





Neem my juk op julle en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus **vind** vir julle gemoed.” Matt.11:29

Wie My **vind**, **vind** die lewe self en geniet die guns van die Here, maar dié wat My nie wil **vind** nie, doen himself skade aan. Spr.8:35

Vra, en vir julle sal gegee word, soek en julle sal **vind**. Matt. 7:7 = Luk.11:9

## ’N UITSONDERLIKE ENGEL

# Goddelike humor (en groot genade)



Op Vrydagaand 21 September 2018 ry ek, soos so baie ander kere, met my motorfiets (genaamd *uMoya* = wind / gees = Heilige Gees) om my oudste dogter, Lieze, wat by die patentereg-prokureurs, Von Seidels, in Century City werk, vir die langnaweek te gaan haal. Een kilometer anderkant die *Winelands* petrolstasies op die N1 kry ek ’n pap wiel, stop langs die pad en bel my vrou om vir my die band-reparasiestel te bring. Vier mans kom nader, omsingel my en eis my geld en selfoon en dreig my dat hulle messe by hulle het en uiters gevaarlik is,. Een man voeg by: “*Ons verwag jou same-werking!*” Ek het wegbeweeg van my fiets af en beplan om óór die pad weg te hard-loop.




Die volgende oomblik stop ’n man (hy gee sy naam as “Walter”) met ’n klein lorrietjie en stel voor ons tel die motorfiets op die lorrie. Ek sê vir hom daar is géén manier dat ons dit sal regkry nie (die fiets weeg 180 kg). Sy woorde aan my was: “Ons het twee opsies, óf ons laai jou fiets op, óf ons sterf altwee vandag”. Ek het bo-op die bak gestaan en Walter het man-alleen die 180 kg motorfiets op die lorrie getel. Dit het gelyk asof uMoya sy naam gestand doen, en so lig soos ‘n briesie is.

Een van die rowers wil nog my valhelm uit die lorrie se bak steel, maar Walter skop dit weg van sy hand en verwilder die mans net met sy stem. Hulle spaander weg en ons is vort.

By sy werk hoor ek toe Walter se bynaam is “*Forklift*”.

Met groot dankbaarheid kan ek nie help om die Here se humor ook raak te sien nie. Hy stuur vir my ’n engel. Nie sommer ’n “hierjy”-engel nie; dis Walter, die *forklift*.

En die ergste is: *hy het nogal ’n All Black-trui aangehad*. Ek sien toe daardie swart-en-silwer kledingstuk in ’n héél ander lig as gewoonlik

***Richard van Wyk***

**JAN VAN ZYL DOEN VERSLAG**

# *Die kerk se rol in Grondhervorming en Versoening*

Grond is vir baie mense in ons land 'n bron van verdeling en vervreemding . Die onderwerp van grondhervorming is die laaste paar maande op die spits gedryf deur die feit dat die regering dit oorweeg om Artikel 25 van die Grondwet te wysig sodat grond sonder kompensasie vervreem kan word. Ongelukkig het politici hierdie debatte gekaap vir hulle eie gewin en word stories versprei wat groeperinge nog verder uit mekaar dryf.

Hoe dit ook al sy, die realiteit is dat daar mense is wat in die vorige politieke bedeling bevoordeel is en baie wat benadeel is. Die idee van "Grond" gaan in hierdie debat oor baie meer as bloot kaart en transport. Grond gaan in wese ook oor *vryheid* en oor *ruimtes vir sosialisering*.

Ek is diep geraak toe ek 'n foto sien van een van my VGK-kollegas in sy swart toga voor die Stadsaal van Stellenbosch waar hy saam met 'n groep gemeenskapsleiers van Kylemore aan die begin van September 'n protesoptog gelei het. Terwyl hy die skare en die plaaslike owerhede toespreek, het hy 'n plakkaat in sy een hand in die lug vasgehou met die volgende woorde uit die Belharbelydenis: "*God is op besondere wyse die God van die arme en die veronregte"*. Die protesoptog het gehandel oor die planne vir 'n luukse ontwikkeling in Kylemore. Die gemeenskap is ongelukkig oor hierdie voorneme en die feit dat die Munisipaliteit dit klaarblyklik reeds goedgekeur het, en dit terwyl grond in Kylemore vir die plaaslike inwoners onbeskikbaar is en dié voorgestelde privaatsektor-ontwikkeling vir hulle onbekostigbaar sal wees.

In 'n *Kerkbode*-artikel van Maart 2018 gee dr Gustav Claassen, die Algemene Sekretaris van die NG Kerk, 'n breedvoerige uiteensetting van die NG Kerk se standpunt oor grondhervorming. Die volledige artikel kan by die volgende skakel afgelaai word. Daarin kan gelees word wat die NG Kerk in breë verband se standpunt oor grondhervorming is en waarvoor sy haar beywer (*sien verwysing en uittreksels hieronder*).

Die uitdaging is egter wat die plaaslike kerke in hulle eie gemeenskappe doen om dit wat verdelend is, aan te spreek. Wat ds Willie Koopstad en sy gemeenskapsleiers op 4 September gedoen het, is om die profetiese stem van die kerk op te neem teen die verontregting van hulle wat nie 'n sterk stem in ons gemeenskap het nie.

In dié sin kan ons getuig van ander hoopvolle pogings om die grondkwessie in ons onmiddellike omgewing aan te spreek. Na die oproer oor grond en dienslewering in Kayamandi oor die afgelope paar maande is die hulp van die Menseregtekommissie ingeroep. Een van hulle agente, mnr Chris Nissan, het gehelp om 'n ooreenkoms tussen die Munisipaliteit en die gemeenskap te laat teken. Hierdie ingrype het ten minste gehelp dat daar geen verdere insidente van geweld was nie, maar die probleem is ver van opgelos.

'n Groep kerkleiers, onder wie verteenwoordigers van Moedergemeente, het intussen 'n gespreksforum gestig wat as platform kan dien waar die gemeenskap in 'n niebedreigende, neutrale ruimte kan kom sê wat hulle frustrasies met die kwessies van grond en dienslewering is. Dit is verblydend en skep nuwe hoop om te sien hoe die plaaslike gemeenskap die vrymoedigheid neem om hulle uitdagings te verwoord. Die kerk se rol is hier om 'n veilige ruimte te skep waar mense voel hulle word gehoor en gerespekteer en dat daar werkbare planne gemaak kan word om die uitdagings konstruktief aan te spreek.

Ons was opgewonde om te verneem dat die burgemeester op Maandag 17 September hierdie forum sou bywoon om te luister wat die gemeenskap te sê het. Ons sien en ervaar hierin tekens van hoop, waar die kerk 'n ruimte skep om vervreemde groepe met mekaar te laat praat,waar hulle na mekaar kan luister en waar daar hopelik moontlikhede ontsluit kan word vir volhoubare oplossings.

Mag ons in hierdie dae dit regkry om as kerkgemeenskap (dit sluit elke indiwidu in wat deel van die liggaam van Christus is) met sagte oë na mekaar te kyk.



*"May the God in me see the God in you … and may that be our point of departure."*

**JvZ**

## *Uittreksel uit die verklaring van die NG Kerk se Algemene Sinode:*

http://kerkbode.christians.co.za/2018/03/06/die-ng-kerk-en-grondhervorming/

### Die N.G. Kerk onderneem:

- Om vol te hou om sy profetiese verantwoordelikheid na te kom en sy stem rondom sake van sosiale en ekonomiese geregtigheid te laat hoor. Die meerderheid van mense wat op plase woon, is lidmate van ons kerkfamilie.
- Om op soveel as moontlik vlakke versoening en sinvolle oplossings te bemiddel. Dit sluit gesprek met landbou-organisasies, regeringstrukture en ander belanghebbende partye in.
- Om 'n moreel-etiese beoordeling te doen oor die implikasies van onteiening sonder vergoeding en wat die impak daarvan is oor die hele sosio-ekonomiese spektrum.
- Om met ekumeniese vennote en die NG Kerkfamilie dringend die saak van grondhervorming met die Nasionale Regering op te neem aan die hand van 'n voorlegging teen Augustus 2018.
- Om te help bou aan 'n gunstige klimaat waarbinne gesprekke en onderhandelings kan plaasvind.
- Om betrokke te wees by die pastorale begeleiding van individue wat onsekerheid beleef as gevolg van grondeise.
- Om onvermoeid voorbidding te doen vir die saak van grondhervorming.

### Die NG kerk beywer haar vir die volgende:

- Die praktiese toepassing van die grondhervormingsproses. Dit moet billik en ordelik geskied met die minste ontwrigting van kommersiële landbou.
- Die voedselsekuriteit van ons land, as 'n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en voorspoed. Dit moet nie gekompromitteer word nie. Suid-Afrika is tans die enigste land in Afrika met voedselsekuriteit en dit moet ten alle koste gehandhaaf word.
- Die voorkoming van armoede. Aangesien 50% van Suid-Afrika se bevolking blootgestel is aan 'n destruktiewe armoedekultuur, moet werksgeleenthede van bykans 'n miljoen plaaswerkers, met nagenoeg 6 miljoen afhanklikes, nie deur die kompromittering van kommersiële boerdery vergroot word nie.
- Die reg tot die privaatbesit van eiendom moet te alle tye beskerm word. Andersins kan dit lei tot ineenstorting van die bankwese en die ekonomie in die geheel. Privaat eiendomsreg is die grondslag van enige suksesvolle ekonomie. Die geslaagde mosie van die EFF raak nie net landbougrond nie; dit raak ook privaat eiendomsreg.
- Die spoedige hantering van 'n geloofwaardige grondoudit deur die regering. Aannames word tans, as deel van argumente ten gunste van onteiening sonder vergoeding, op verkeerde statistiek gemaak.

*Gustav Claassen, Algemene Sekretaris*

**VROEG-CHRISTELIKE KUNS**

# As jy eendag (weer) in Rome kom ...











… dan sal jy seker ’n antieke katakombe wil besoek. Moenie die welsprekende Italiaanse gids glo as hy of sy beweer dis waar die vroeë Christene vir vervolging weggekruip het of hulle “geheime” vergaderings gehou het nie. Katakombes was welbekende begraafplekke, ook vir pagane, veral vir die armer klasse wat nie die praal van ’n openbare verassing kon bekostig nie. Grot-agtige gange is in sagte tufsteen uitgegrawe, met nisse vir liggame in die wande daarvan uitgehol. Blootstelling aan lug het dié steen laat verhard.

Kyk egter mooi na die versiering van die herkenbare Vroeg-Christelike katakombes: soms primitiewe, of andersins erg eenvoudige, skilderye het gestorwenes se geloof in Verlossing, Opstanding en ’n Ewige Lewe op verskuilde wyse aangedui. Prente in verskillende katakombes is so eenders dat die gebruik van “modelboekies” vermoed word.

Soos Christene in Noord-Europa die pagane se versier van ’n denneboom tydens die Winter Sonfees gekersten het, waaruit ons hedensdaagse Kersboom ontwikkel het, en soos vroeë Christen-sendelinge die pagaanse rituele eet van eiers as teken van vrugbaarheid in die Europese lente, met die Paasfees as teken van die leë graf en nuwe lewe, aanvaar het, so het Christene in Rome en elders pagaanse simbole gebruik en nuwe betekenis daaraan geheg.

’n Uitbeelding van ’n pou sou vir hulle op die ewige lewe dui; druiwe, Christus as die Ware Wynstok; ’n duif was ’n herinnering aan God se redding van Noag, sowel as aan die Heilige Gees; oorwinnaarskranse en -palmtakke het Christen-martelare se triomf oor die dood versinnebeeld; uitbeeldings van someroorvloed was vir hulle ’n teken van die Oorvloedige Lewe in Christus. Selfs pagaanse gode-uitbeeldings het ’n nuwe, Christelike inhoud gekry: ’n tekening van Christus as *Helios* (die laat-antieke songod) kom in ’n katakombe voor.

In die eerste twee eeue van die Christelike tydperk het Christene die uitbeeld van die Kruis vermy, omdat die pagane dit met straf op kriminele dade verbind het. Soms is ’n boot se kruisvormige mas gebruik, of die Egiptiese *ankh*-simbool, of ’n anker in plaas van ’n kruis. Visse kon ook dien as ’n herinnering aan Jesus se vermeerdering van die brode en vissies. Die Griekse woord vir vis is ook as akroniem gebruik vir die frase “Jesus, Christus, Seun van God, Redder” (*Gemeenteblad,* Semester 2, 2017, bl. 16). Uitbeeldings van ’n skaapwagter wat ’n lam op sy skouers dra, was ’n bekende pagane-motief wat nou ingespan is om te herinner aan die Goeie Herder en die verlore skaap uit Lukas 15:4-7. Die bekende pagane kunsmotief van ’n sittende filosoof-figuur het nou een van die Evangelieskrywers voorgestel.

Ou Testamentiese motiewe soos Daniël se redding uit die leeukuil of die drie jongmans uit die vuuroond, was ook gewild; Noag se Ark as simbool van redding is dikwels gekodifiseer as ’n “*arca,”* ’n Romeinse geldkis, waarin ’n manlike figuur op die see ronddobber. Jona se redding uit die buik van ’n reusevis (dikwels ook as ’n draakagtige seemonster uitgebeeld) kom baie voor.

Nuwe Testamentiese temas was ook meesal reddingstonele, soos die opwekking van Lazarus, of die doop, en ook Jesus se instel van die Nagmaal, met brood en vis op die tafel. Sulke motiewe het ook in ander kunsvorme voorgekom, uitgegrafeer op ryk Christene se kalksteensarkofage, en in mosaïekwerk op die vloere van geboue, ook in die res van die Romeinse Ryk. JMC

***Bron:*** M Gough, *The origins of Christian Art,* Londen, Thames & Hudson, 1973, 10-40














# *INDLELA* – die pad van omhelsing



Die eerste Christene is genoem “mense van die Weg,” want hulle het die Weg van Jesus bewandel. Toe ons so ’n jaar of wat gelede begin gesels het oor ’n alternatiewe ruimte van aanbidding waar grense oorgesteek word, het ons hieraan gedink. Predikante van Moederkerk, die VGK Idasvallei, die VGK Kayamandi en die VGK Cloetesville het bymekaargekom en gewonder hoe ons onsigbare mure wat nog bestaan kan afbreek in die naam van die verenigde Liggaam van Christus. Die gevolg was *Indlela*, die Xhosa woord vir “weg” of “pad” en ons noem Indlela “*The Embracious Way*” – nog ’n woord wat ons sommer self geskep het, ’n kombinasie van “*embracing*” en “*gracious*”.



*Indlela* kom een maal per maand in die Hofmeyrsaal se Foyer bymekaar Omtrent 10 gelowiges uit elke deel van ons dorp vorm ’n groep van 30-40 en ons “erediens” is om tafels by die gesellige kaggel. Ons begin met heerlike vetkoeke uit Idasvallei en gaan sit by die tafels waar ons kerse aansteek en met mekaar deel wat op ons harte rus. Ons deel met mekaar iets uit ons lewens en dan luister ons na mekaar se stories, lees die Bybel saam en bid saam. Een van die mooi oomblikke is waar ons kollekte opneem. Ons vat dan die totale bedrag (gewoonlik tot R1000) en besluit saam waar ons daarmee ’n verskil wil maak.



Op die foto’s kan gesien word hoe uiteenlopend die sake is waar Indlela ’n verskil maak. Sanitêre doekies vir meisies, nuwe skoene vir ’n man in ’n rystoel, ’n bydrae vir die Dierewelsyn.

Hou die gemeentenuus dop en kom *Indlela* volgende keer saam!

***Johan van der Merwe***

**WEEKLIKSE *RETREATS*: 23 AUG. – 20 SEPT.**

# Reis met Verlies

’n Groepie vroue het op ’n koue, reënerige Augustusoggend by Stillebosch byeengekom… sku en vreemd vir mekaar, met pyn en hartseer in hul oë. Maar, die kaggelvuur het vrolik gebrand en die koffie en *muffins* was warm, geurig en verwelkomend.

So het die reis begin… nie met ’n belofte van kitsgenesing of selfs heelwording nie, maar met ’n uitnodiging om te kom stilstaan, te wonder en te ervaar, elk op haar eie plek van rus op hierdie reis met verlies.

Stillebosch se vriendelikheid en liefde het almal omhels en gebring by ’n veilige plek om op ’n nuwe, meer sensoriese wyse, tye van verlies en ook goeie herinneringe te voel en te ervaar. Elkeen is genooi om die tyd, plek, ruimte en geleentheid te benut, te gebruik en met mekaar te deel, volgens haar behoeftes en verlange. Die fokus was deurgaans wat binne elkeen se gemoed gebeur en die *proses*, eerder as die eindproduk of die uitkoms, was belangrik.

Gedagtereise, onderneem tesame met musiek, joernaalskrywe, gedigte, verf, kleiwerk, stories en selfs beweging, het hul geneem na mooi herinneringe, maar ook na tye van donkerte en pyn, na diep binne hulself, maar ook na Lig, waaruit nuwe betekenis en insig gekom het.

Gebreekte kleibakkies as metafoor van die lewe is geverf, nie net met kleure en simbole van hartseer, verlies, pyn en lyding nie, maar ook met die helder kleure van dankbaarheid, vreugde, verrassings, vriendskap, hoop en liefde. Die gebreekte stukkies is weer soos ’n legkaart bymekaar gebring en gelas, en elke bakkie is koesterend vasgehou terwyl die gom droog word. Deur die laslyne met goud,



verteenwoordigend van elk se persoonlike krag, geloof, hoop en ondersteuningsnetwerke, te verf, het elke vrou aan haar kleibakkie ’n nuwe voorkoms gegee, waarmee dit ’n nuwe funksie en betekenis gekry het. Om met die linkerhand te verf, het almal laat voel soos vrolike kinders wat lag en speel.



As samevoeging en integrasie van al die skrywery, gevoelens, insigte, emosies, en geestesbeelde. wat ervaar is, het elkeen ’n kleivoorwerp gemaak. Hierdie voorwerpe het die sin en betekenis van die vorige ervarings uitgebou.



Gewaarwordinge soos: “*Die klei was bereid om enigiets te wees”, “Verlies gee vlerke,” “Ek het die klei gerol en gespeel soos ’n kind,” “Die beeld se patroon het vanself gevorm”* en *“Die klei was koel en kalm in my hand”* het na vore gekom. Twee van die dames het hul ervaring so verwoord:

*“Dit was eers op pad huis toe dat ek besef het dat daar nie meer ’n gewig op my skouers is nie. Die Here se weë is inderdaad onnaspeurlik!” en “Die pyn van verlies het nie taal nie. ’n Mens kan seker praat van ’n ‘*<u>ondertaalse’</u> gevoel. *Maar hierdie kursus vertaal jou eie seer deur middel van kleur, klei en simboliek.”*

Die *Retreat*-reeks het tot ’n einde gekom met ’n heerlike laaste samesyn en hierdie seënwens van John O’Donohue;

*“May you realize that the shape of your soul is unique,*
*That you have a destiny here,*
*That behind the façade of your life*
*There is something beautiful happening”*

**Mariette Hutton (093 486 8740)**

*’n Brief van dank aan die Internasionale Bediening se leraarspaar deur ’n waarderende oudstudent:*

**A letter to my Pastoral Family: Appreciation to Stellenbosch International Fellowship (SIF) for the support in PhD Studies**



Dear Pastor Jurie Goosen and Mama Margie. Greetings to you. You Probably recall the photograph above. We took this photo on 6th May 2016, as Stellenbosch was slowly sliding into winter. It is not the winter coldness that bothered me at the time - especially as we gathered, chatted and prayed over morning breakfast in a restaurant adjacent to Stellenbosch University Museum. Rather, it was the difficulty I was experiencing with my supervision team as the professors delayed reading my proposal and organise for me the doctoral proposal committee meeting. So, we met over tea, you listened to my worries and anxieties and prayed with me. The three of us agreed that it is well. We chose to trust that God will see me through.

This was not the only moment that you two and indeed the entire SIF family was available for me and indeed for many other students in rough journeys of our studies. I recall the very first place to set my foot on, in Stellenbosch was in your home. You opened the doors of your house to me and accommodated me till Russel Botman House was ready to take me in. Yes, I enjoyed the comfort of your home, your hearty concerns about my stay in a students’ residence and often urged me to come over to your home for weekends.

As a church, SIF offered me a home where I could interact with many others and make friends whether in the mainstream church services, the bible study group or the regular retreats and countless rounds collegial tours to new places. No doubt, SIF has been my home away from home and I thank God for such an arrangement. It is as Psalms 40:5 says, “Many, Lord my God, are the wonders you have done, the things you planned for us. None can compare with you; were I to speak and tell of your deeds, they would be too many to declare”. Thank you for allowing God to use you in this ministry (SIF) in amazing ways. On the 24th August 2018 I walked into my oral exam, to ‘defend’ the project I have been doing – PhD (Sociology) – on the ‘male promoters of gender equality in the Ugandan Parliament’. However much I was told that it is ‘just a conversation’ with your examiners, so relax and enjoy it, my heart pounded and raced. I was anxious for I did not know what the outcome would be. SIF not only prayed for me, but they too joined me in giving thanks to God for a job well done.

Receive my hearty appreciation for walking with me this journey, for listening to my anxieties and standing with me in prayer, for always looking out for my family in Uganda and mostly for always challenging us to be grounded in the knowledge of Christ regardless of our academic struggles and achievements.

Thank You!

Amon Ashaba Mwiine
amonmwiine@gmail.com
PhD (Sociology) Candidate,
Stellenbosch University, South Africa.

# Internasionale Studente-bediening

Stellenbosch Universiteit is vanjaar ’n eeu oud en het meer as 4000 internasionale studente van 110 lande. Daar is wonderlike geleenthede om die nasies op die kampus te bereik met die evangelie van Christus. Ds Jurie en Magdaleen Goosen en medewerkers is verantwoordelik vir die bediening. Baie dankie aan getroue donateurs en voorbidders wat die geloofsaksie moontlik maak. God het die afgelope tyd geestelike deurbrake laat plaasvind, soos studente wat navolgers van Christus geword het.

Tans beleef die bediening ’n uitdagende situasie met kwynende fondse, as gevolg van die swak ekonomiese toestande. Bid asseblief vir God se voorsiening van nuwe ondersteuners wat tot die lewensonderhoud en bedieningsuitgawes van werkers kan bydra. Dit sal baie help om u naam en van as verwysing te sit, sodat nuus oor die arbeid aan u gestuur kan word. **Kontak** Jurie (083 2355 920) en Magdaleen (082 4272924). Hulle is beskikbaar vir optredes.

**Donasies kan inbetaal word by Moedergemeente met verwysing: *“SIFint”***

# S.I.F.

**Stellenbosch International Fellowship**

**Wil jy ook persoonlike steun aan ’n internasionale student bied? Sluit aan by F.A.N.S. – *Friends of all Nations.* Skakel met Jurie of Magdaleen Goosen, ook vir inligting oor die vroueklub vir die eggenotes van studente uit die vreemde: goosens@isales.co.za**

*o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o*



## An Artist in our midst!

Augustine Mutimuverzwa recently joined the Moederkerk groundsmen team. Originally from Harare, Zimbabwe, where his family still resides, Augustine not only helps to make the Church gardens beautiful, but in his spare time he creates and sells the most beautiful tinted art works, mostly paintings of animals, all on beautiful, thick matt rice paper. He sells them at the local “Slow Market”.

This painting is titled “ Mother’s long protecting arm.” We trust that Augustine will find as much love and protection from the other family members of the Mother Church, to whose family he now belongs.

Prices range from R300 to R1200, depending on the size of the picture.

To view or order a painting, call Augustine on 074672812. *JMC*

**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Johan van der Merwe
Richard van Wyk
Marie Britz
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Wynand Nel

# straatlig

Ruben Scheepers
Managing Director
0723455683
ruben@stellumthombo.co.za
www.stellumthombo.co.za

STELLUMTHOMBO

Elke jaar groei Straatlig se verstaan hoe om verantwoordelik en volhoubaar met hawelose mense te werk. 2018 was vir seker weereens so 'n jaar en daarom is dit belangrik om sommer aan die begin te noem dat ons weereens besef het dat ons as groter gemeenskap van Stellenbosch die *mense op straat hou* as ons vir hulle geld gee.


In die klompie jare wat ons al met van die mense werk, is dit merkwaardig hoe baie mense nou al sedert 2012 op ons boeke is. Hulle is heel waarskynlik al langer op straat, maar die databasis dateer selgs van 2012 af. Die hoofrede hiervoor is eerstens dat sommiges (maar sekerlik nie almal nie) nie regtig bemark-bare vaardighede het waarmee hulle kan werk kry nie, maar 'n nog meer waarskynlike rede is dat ons Stellenbossers strukture in plek sit wat hulle vasvang en in 'n leefstyl van afhanklikheid hou, as ons hulle op 'n ondeurdagte wyse "help".

Dit is in die lig daarvan dat ons by Straatlig mense al hoe meer wil motiveer om op te hou om *mense se toekoms te steel* deur ons goeie bedoelinge. 'n Geldjie in die hand hou hulle op straat. Ons het dus 'n koeponboekie begin maak wat goedhartige mense in staat stel om die hawelose mense in Stellenbosch op 'n volhoubare manier te help (meer inligting hieroor en verkope hiervan by die Khaya of Kerkhuis). Indien jy voel dat jy wél mense op straat wil help, stel ons voor dat jy eerder die organisasies se hande sterker maak. Dié organisasies in die dorp is ons (Straatlig) maar ook Stellenbosch Nagskuiling en Voedingsaksie. Dis mense wat die tyd en die kennis het om haweloses werklik te help, as hulle dit sou wou hê.

Straatlig het vanjaar projekte in samewerking met "Hungry Lion" aangepak waar die straatmense elkeen 'n kampmatras en kombers gekry het . Ons het ook twee "Street Stores" aangebied, waar hulle elk twee stelle klere kon kry vir die lang, koue winter.

Daar is ook gevalle wat ons hoop gee. Die storie van Wisdom is vanjaar vir ons een van daardie gevalle. Wisdom is 'n 63-jarige man van Malawi. Hy het, soos baie ander mense maak, al sy familie se spaargeld so drie jaar terug bymekaar geskraap om Suid-Afrika toe te kom: Suid-Afrika, die land van moontlikhede.

Ongelukkig het sy droom, soos by baie ander, nie waar geword nie. Daar is nie baie plekke wat 'n 60-jarige man wil aanstel om fisieke werk te doen nie. Hy het twee jaar gelede in Stellenbosch aangekom en 'n tuinwerkie in Devonvallei gekry. Dit




was vir hom goed, maar ongelukkig het sy kontrak begin 2018 tot 'n einde gekom.

Hy moes toe sy spaargeld begin gebruik om van te lewe, en na drie maande was sy reserwes heeltemal uitgeput. Dit is toe dat hy by ons aangekom het. Wisdom was nog nie op straat nie, maar as daar nie dadelik in sy lewe ingegryp is nie, sou hy vir seker daar geëindig het. Hy het vertel dat, toe hy Straatlig toe gekom het, hy al heeltemal moedeloos was. Hy het toe net sy laaste besittings verkoop gehad, om sy huur vir die volgende maand te betaal. Al wat hy oorgehad het, was 'n kombers en die klere aan sy lyf.

Straatlig kon darem weer vir hom hoop gee. Ons het hom gehelp om sy huur te betaal en het ook vir hom 'n maand se kosvoorraad gegee. Verder het ons ondersoek ingestel na moontlike opsies vir hom.

Gedurende die maand het ons hom ondersteun en uiteindelik oortuig dat daar dalk meer geleenthede in sy tuisdorp is. Hy het immers daar 'n blyplek en 'n stukkie grond om 'n bestaansboerdery voort te sit. Die laaste motiverende faktor was toe hy hoor sy vrou het gesterf en hy sit nog 4000 km weg.

Ons kon toe vir hom 'n buskaartjie terug Malawi toe bekom en daardeur weer hoop gee in 'n situasie waar daar andersins geen uitkoms sou wees nie. Hy was onwettig in die land en al wat hy by hom gehad het, was 'n paspoort.

Straatlig is in die besonderse posisie dat ons almal wat dit nodig het, kan ondersteun.

***Ruben Scheepers***
***Direkteur, Stellumthombo***

*Die fontein vir Stellenbosch*

**Bankbesonderhede:** Stellumthombo NPC
**Nedbank Takkode:** 107110
**Rekeningnommer:** 113 069 7630
**Verwysing:** *Straatlig / BecomingKids / Masandise Studiehulp*

**Webblad: https://stellumthombo.co.za/**

*Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:*
marianne@moederkerk.co.za

**Stellumthombo**
SnapScan

**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Ria Dreyer
021 886 4729

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Santie Grosskopf
021 887 2741

Johan van der Merwe
082 940 3319
johan@moederkerk.co.za





**Masandise studente besoek die Moederkerk, 29 Julie 2018**



## Vreugde is ’n nuwe (tweedehandse) skootrekenaar!

*Masandise het altesaam ses goeie gebruikte skootrekenaars van Anglo-American via ’n welwillende vriend vanuit Singapoer gekry.*

’n Mentor skryf: “Twee reaksies. Die eerste persoon is LH. Hy is ’n tweedejaar student wat nie geweet het hy gaan sy eie tweedehandse *laptop* kry nie. Sy gesig sê alles.

Die tweede reaksie is van die gewer van die *laptop* nadat hy LH se vreugde gesien het. Hy skryf vanuit die verre Singapoer:

*“Dit is aangrypend! Ek het gedink die rekenaars sal nuttig wees, maar ek het nie verwag dat dit SO waardeer en gekoester gaan word nie. Ag, jou epos spoor my sommer aan!”*

Baie dankie, Ryno en jou vorige werkgewers!

***AS en die Masandise-span***

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c




## Onezwa glo aan “Paying it forward”

Onezwa het bewustelik gekies om die hulp en ondersteuning wat sy van haar mentor en Masandise af ontvang het, aan ander aan te gee: wanneer sy naweke van die universiteit tuis is, gesels sy met haar jonger sibbe oor hul skoolwerk en help hulle met Wiskunde. Sy moedig hulle aan om hul bes te doen!

In die koshuis ondersteun sy haar medestudente emosioneel. Haar neef het sy aangemoedig om ’n wesenlike probleem met haar mentor te bespreek .

Soos haar mentor in haar glo, so glo Onezwa in ander se potensiaal. **MvdM**



**’N STORIE VAN HOOP**

## Esmeralda se suksesverhaal



Esmeralda (skuilnaam) kon vir die eerste twee jaar van haar B.Ed.-kursus by CPUT self betaal. In haar derde jaar het die wete dat haar geld nou op is, baie stres veroorsaak en sy sak haar eksamens. Sy het geen keuse gehad nie as om vir ’n hele paar jaar te gaan werk, maar sy wou graag haar graad voltooi en vra toe om hulp.

Masandise gee dit en Esmeralda skryf weer in. Maar op persoonlike vlak wil dinge nie vir haar uitwerk nie: sy is ouer as die gemiddelde student, woon in ’n klein kamertjie in Kayamandi, is baie eensaam omdat sy nie ’n “ boyfriend” het nie, en dié feit marginaliseer haar in die gemeenskap… Sy verloor toenemend moed. Haar mentor moes dikwels met huisbesoeke haar probeer aanmoeding om vas te byt. Later vind sy egter ’n “vriend” en raak swanger…

Ten spyte van alles byt Esmeralda vas en slaag haar derde én vierde jaargange, maar skuld nog altyd vir CPUT geld. Haar graad kon dus nie toegeken word nie. Toe haar opgehoopte skuld deur ’n private trust afgelos word, kry sy graad en begin met tydelike aflos-onderwysposte. Die jare gaan hierna verby sonder verdere kontak met haar mentor.

Die mentor vertel: “In Julie vanjaar loop sy my in die straat buite die Eikestad-Mall raak. Sy vertel sy het ’n permanente pos by ’n laerskool in Lwandle in die Strand, verdien R23 000 per maand na aftrekkings, stuur haar dogtertjie, nou ses jaar oud, na ’n private laerskool in Umtata en – wys vir my haar motor wat naby myne geparkeer is. Met ’n breë glimlag vertel sy: “Everything is 100%!” en dit was duidelik dat dit is … Ek het vir die res van die dag op “cloud nine” gesweef.

Dankie, Here, dat Masandise Studiehulp nog ’n persoon kon help om uit die spiraal van armoede te ontsnap.

*Masandise verander lewens!’*

*’n Masandise Mentor*

## Tot siens, Zaan!

Wie ken nie vir Zaan Bester nie? ’n Meelewende lidmaat, aktief betrokke in die gemeenskap, selfs as deeltydse brandbestryder, akademikus, talentvolle lid van die Akademiese Kamerkoor by die US Konserwatorium vir Musiek, proefleser vir Sondae se *Bulletin,* goeie vriendin vir baie en gewaardeerde mentor vir verskeie Masandise-studente, met wie sy altyd méér as die “tweede myl” gestap het. Zaan het ’n wonderlike pos by ’n Tsjeggiese universiteit losgeslaan en is begin September hier weg. Ons gun jou die geleentheid, Zaan, maar sal jou baie mis!



Zaan by Lerato Dongo

*JMC namens Masandise Studiehulp*

Besoek ons webblad:
https://stellumthombo.co.za/masandise-2/

Verwys asseblief moontlike oorsese donateurs na ons Givengain platform, wat skenkings in enige geldeenheid in Rande verander:
https://www.givengain.com/cause/3746/campaigns/11546/

# *BecomingKids* se Kamp by Disakloof



'n On-welkome besoeker

Op 8-10 Junie het 17 opgewonde kinders van graad 4 tot 7 en hul mentors by Disakloof, Bettysbaai, gaan kamp.

Vrydagaand het ons mekaar beter leer ken, lekker lasagne geëet en saam gekuier. Saterdagoggend het ons gaan stap in die berg, maar moes ongelukkig ons stappie kortknip as gevolg van die reën. Ons het nie te veel gekla nie en oefeninge in die saal gaan doen. Die middag het ons "minute to win it" gespeel.

Ons was so opgewonde om deel te neem aan die speletjies dat ons nie agtergekom het dat 'n **bobbejaan** by ons aangesluit het nie. Mnr. Bobbejaan het besluit om al ons worsbroodjies, suiker en laaste nartjies te geniet. Gelukkig was ons almal veilig en kon die kamppersoneel die bobbejaan verwilder. Ons het ons Saterdagaand afgesluit met lekker warm sjokolade voor die kaggel, 'n fliek en net saam kuier.

Dankie aan almal wat saam gekamp het en vir donasies om die kamp moontlik te maak. Die hoogtepunt vir die kinders was om elke dag 'n lekker warm stort te kon neem. Die meeste van ons kinders bly in hokkies op iemand se "yard" en deel met 'n klomp families die hoofhuis se badkamer.

Arina Scheepers




Bobbejaan vat die hasepad

## Die Derde Kwartaal by *BecomingKids*

BecomingKids het die derde kwartaal met sagte oë begin. Hierdie kwartaal fokus ons op ander en hoe om met sagte oë na die wêreld te kyk. Die kwartaal is begin deur positiewe boodskappe te skryf vir ander kinders in die program en dit op Kruiskerk se konsistoriedeur te plak. Elke middag hierdie kwartaal as die kinders deur die deur stap, kan hulle spesiaal voel, want hulle naam staan op die deur met 'n spesiale boodskap daarby. Ons is ook geseënd met rekenaars en 'n leesprogram waarmee ons begin het, wat addisionele leesoefeninge vir ons kinders bied.



Ons "*Kindness door*" bring boodskappies van hoop



Die "Lesers is Leiers" Leesprogram is goud werd!

## Meisiegroepe

Ons het hierdie jaar die geleentheid gehad om saam met *Proudpartners* by Cloetesville Laerskool en A.F. Louw Laerskool meisie-oggende aan te bied. By hierdie geleenthede gesels ons met die graad 7-meisies oor al die veranderinge waardeur hulle gaan, oor hoe om na hul liggame te kyk en oor menstruasie. Die meisies het hul herbruikbare sanitêre doekies baie waardeer. In die derde kwartaal het die grade 6 en 7 *BecomingKids*-meisies elke Donderdag 'n gespreksgeleentheid saam met 'n Maatskaplike Werk-student gehad, waartydens hulle oor identiteit, en dinge wat elke meisietjie raak, gesels het.

*Arina Scheepers*

# KRUISKERK-KRONIEKE



*"Herskryf Jou Storie":* Studente besin oor hoe hulle wat hulle op 'n uitreik geleer het, op Stellenbosch kan toepas

**Irénée Heyns vertel:** Ek het in Augustus die voorreg gehad om vir 'n paar weke saam met 60 studente (wat op Junie/ Julie uitreike was) deur 'n proses te beweeg wat ons noem ***Herskryf Jou Storie***. Die doel daarvan was om 'n ruimte te skep waar studente kon nadink oor hul intense uitreik-ervaring en dit te sien as die moontlike geboorteplek vir die lewe waartoe Jesus ons



Etenstyd by Echo-huis

roep; dat die waarde van die uitreik eintlik lê in hoe ek voortaan my lewe leef.

Wat my diep getref het en baie hoop gee, is die oop en brutaal eerlike gesprekvoering tussen die studente; hoe hul mekaar bewus gemaak het dat elkeen se lewenstorie betekenisvol is, omdat hulle deelneem aan God se groter storie, en dat elke lewenskeuse wat ons maak, gewig dra. Soos een van die studente gesê het: *"Jesus roep my tot 'n lewe waar my liefde vir Hom en my naaste moet lyk soos iets, en dit gaan my soms in botsing bring met die* empires *van hierdie wêreld."* En 'n ander: *"Hierdie proses het my op 'n baie diep vlak uitgedaag en gehelp om verby al my foto-selfies saam met* cute *natneus kindertjies te kyk, en Jesus se stem te hoor, wat my uitnooi om hier op Stellenbosch sáám te help skep aan God se nuwe wêreld."*

Baie van hierdie studente raak ná hul Junie/Julie uitreike betrokke by Legacy in Kayamandi. Legacy is 'n naskoolsentrum vir kinders en daar is weekliks 30 vrywilligers van Kruiskerk wat daarheen uitreik. Daar is meer as 200 kinders betrokke by die program en hul word besig gehou met intensioneel-stimulerende aktiwiteite—van Wiskunde ekstra-klasse, tot sokker en netbal. Die doel is om brûe te bou tussen mense van verskillende kulture, asook om die vaardighede wat ons het te kan bied vir mense wat dit nodig het. Hulle skakel in by die bestaande program deur tutors, sportafrigters of selfs net storie-vertellers te wees.

Soos James Matthee getuig: "*Voor jy jou kan kry, voel jy tuis in 'n gemeenskap waar jy altyd net verby gery het. Jy leef jouself in iemand anders se storie in wat nie dieselfde leef as jy nie. Jy bou vriendskappe wat jy vir lank sal koester en jou hoop gee vir ons dorp.*"



Liefde by Legacy

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## Kruiskerk-aksies verander *jou* wêreld!

Volgens my ervaring is daar elke jaar drie groot gebeurtenisse. Die energie wat by die eerste gekweek word, vloei regdeur tot by die laaste en help die Kruiskerk-geloofsgemeenskap om, sonder om te wik of te weeg, met ywer aan ons gemeenskap deel te neem.

Naas die **Eerstejaarskamp** en die **Kleingroepe**, behels die verskillende Aksies die laaste groot veelvlakkige gebeurtenis.



'n Gladde oorgang van bestuur. Uitgaande en inkomende Aksieleiers eet saam

Alhoewel ons van die vorige jaar af aan al byeenkom om te beplan en te slyp aan ons verskillende Aksies, vind die meeste van die uitreike gedurende Junie-Julie plaas. **Atlete vir Christus** toer die land plat en samel fondse vir Bybelmedia in; **Transkei Werkersaksie** bou 'n rekenaarsentrum in Canzibe en dien waar hul kan; **Lesotho Hoop-Projek** pluk mielies en vaar die berge van Menyameng in om "in te reik." Elke aksie maak 'n tasbare verskil daar waar hulle is...

Die grootste verskil wat gemaak word, en die grootste paradoks van 'n uitreik, is die verandering wat in elkeen van die studente gebeur gedurende en ná die uitreik. Om ná 'n uitreik weer terug te kom, verander die wyse waarop jy Stellenbosch sien en ervaar. Dit is so asof die lewe hier stilgestaan het. Asof niks verander het nie. En dan besef jy, dis *jy* wat verander het...

Op 'n uitreik leer jy om dieper na die lewe te kyk. Jy leer wat tyd beteken, want vir die eerste keer bestaan jou dag en gesprekke nie meer uit 24-uur-afbakenings nie. Nie één dag is dieselfde nie en die stilte laat jou toe om al hoe duideliker God se stem te hoor, of dit nou is tydens Bybelstudie, in jou stiltetyd of in gesprekke met die vriende wat jy gemaak het. Wat jou egter die meeste tref, is die besef dat jy nie vér hoef te gaan om mense te help nie. Jy hoef ook nie vér te gaan om die grensverskuiwende krag van 'n uitreik te ervaar nie. Jy besef dit is hiér, hier op ons eie voorstoep. Ons moet net leer om tyd te máák. Omgee is die taal wat almal verstaan en wat brûe tussen mense bou.

**Lionel Hutton,** *Uitgaande Voorsitter: Aksies Kruiskerk*

# Transkei-Werkersaksie



***Willem Marais,*** *een van die leiers van die Transkei-Werkers-aksie en nuwe voorsitter van Aksies Kruiskerk, skryf:*

Om bo-aardse skoonheid te ervaar, is om die totale ontoereikendheid van taal te konfronteer om te beskryf wat jy sien en beleef. Woorde kan nie die skaal van 'n herinnering wat so pragtig is, oordra nie. Die Transkei (die noordoostelike deel van die Oos-Kaap) is 'n streek van ongerepte skoonheid en asem-rowende landskappe. Iets omtrent dié streek, sy mense en sy kultuur vul jou met rustigheid, en so ook die wete dat nét God sulke skoonheid kan skep.



Winterskool op Canzibe

Ons was 24 studente van Stellenbosch wat in die Julievakansie na die Transkei vertrek het, met die doel om die gemeenskappe van Koffiebaai en Canzibe te dien. Ons het hulp gebied met die oprig van 'n rekenaarsentrum vir 'n kinderhuis in Koffiebaai en die leerlinge van Canzibe het 'n winterskool en sportkliniek geniet. Die studente het in 'n gees van liefde en omgee uitstekende werk gedoen. Die uitreik streef daarna om verskillende kultuurgroepe met hart en siel te verenig deur 'n ruimte te skep waar mense saam kan groei in hul begrip van en waardering vir mekaar.



Sowat helfte van die span het ook opknappingswerk gedoen

Om hierdie Goddelike ervaring wat in die Transkei beleef is, te laat voortleef, by die huis en in Stellenbosch, was 'n groot uitdaging. Die "*Herskryf jou Storie*"-reeks, aangebied deur Irénée Heyns en Lionel Hutton, was die perfekte geleentheid om ons ervarings met mekaar te kon bespreek en neer te pen. Transkei en sy mense plant 'n saadjie in jou hart om dit wat ervaar is, meer as net 'n herinnering te maak. Dit laat 'n groeiende wil om deur liefde jou naaste en ons tuisdorp te dien, alles in die naam van Jesus.



Die sportkliniek bring armsvol liefde saam!

# Kruiskerk se Musiekbediening



**Julani Visagie** (*Koördineerder: Musiekbediening*) vertel:

Om Kruiskerk se musiekbediening aan die begin van 2017 as koördineerder te kon oorneem, was baie opwindend en terselfdertyd vreesaanjaend. Ons was maar 'n handjievol musikante wat oorgebly het nadat daar 'n klompie staatmakers weg is, en ons het nie geweet wat om te verwag in hierdie nuwe seisoen nie.

Gelukkig het heelwat talentvolle studente gou hand opgesteek en so deel geraak van hierdie kerkmusiekgemeenskap. Almal het saam daaraan help bou, en vinnig is diep vriendskappe gevorm wat baie sterk bande onderling laat opbou het.

Ná die Eerstejaarskamp 2018 was die fondament reeds gelê. Ons het so tussen die lang *band*-oefeninge en sang-lei deur lekker gees gebou deur deel te neem aan alles op kampus en so het daar iets kosbaars tussen ons gebeur...

Ná een van die oefeninge in Kruiskerk vroeg vanjaar, het ek 'n boodskap ontvang van 'n student wat pas op Stellenbosch aangekom het: "Dankie dat ek vanaand vir die eerste keer kon tuis voel in 'n gemeenskap vandat ek hier is..."

Ek dink die musiekbediening is baie meer as net 'n groep musikante wat hul gawes uitleef; dit is 'n outentieke plek waar studente net hulself kan wees, sonder enige pretensie. Dit is 'n plek waar mense 'n tuiste vind en opreg omgee vir mekaar.

# Interkerklike samewerking maak naaldwerk maklik



Die Siyazakha Naaldwerkprojek in Kayamandi is al twee dekades aan die gang. Lede van dié gemeenskap (meesal vroue, maar mans is ook welkom) leer hoe om met 'n naaimasjien te stik. Van die maak van 'n eenvoudige sakkie om hulle werk in te bêre, vorder hulle na die maak van 'n voorskoot en'n laslapsak en daarna begin hulle met klere vir hulleself en hulle gesinne.

Die naam "*Siyazakha*" beteken "Ons help /ondersteun onsself," met die idee dat mense bemagtig kan word om 'n inkomste uit naaldwerk te verdien, of andersins vir hulle eie huisgesinne klere kan maak. Party is meer talentvol as ander, maar almal pronk trots as hulle 'n eerste selfgemaakte kledingstuk kan aantrek. Klasse strek van einde Februarie tot middel November, Maandae van 9:30 tot 12:00 in die Legacysaal in Longstraat, Kayamandi. Die saal behoort aan die Stellenbosch-Gemeente, die naaimasjiene aan Moederkerk.

Lidmate van verskeie ander gemeentes (byvoorbeeld, die Weskerk, Idasvallei VGK, St Paul's en die gasvrou-gemeente self), help of het in die verlede gehelp, met lesgee. Ons verwelkom nog helpers!

**Het jy 'n gebruikte elektriese naaimasjien om aan ons leerders te verkoop, asseblief? Skakel Jo-Marie 021 883 2956 en ons kom dit haal.**

**Kom help ons, asseblief!**

*Ons soek veral vir Maart en April van elke jaar mense wat een-tot-een kan lesgee, as die beginners nog aan 'n naaimasjien gewoond moet raak. As jy kan reguit stik, weet jy meer as ons leerders! Skakel vir : Mariet Brink* ***0823511390*** *of Bertha Lane,* ***0790178687***





'n Voorskoot en romp om mee te pronk!









o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

# Moederkerk se eerste Manne-aand was 'n groot sukses!



'n Stampvol Hofmeyrsaal verlustig hulle in die stories van Pietman Geldenhuys

ELMARIE VAN HUYSSTEEN

# Ontmoet die Kerkraad se voorsitter



46 jaar al saam! Elmarie by haar man, Johan van Huyssteen

Elmarie van Huyssteen is die eerste vrou wat voorsit by Moederkerk se Kerkraadsvergaderings (en die eerste nie-predikant wat permanent voorsit), 'n posisie wat sy sedert Februarie 2018 beklee. Elmarie is 'n gesellige en humoristiese persoon vol energie en ondernemingsgees. Sy het vir jare as dosent in die Internasionale Politiek by UNISA klas gegee en het sedertdien na haar grootworddorp teruggekeer, saam met haar man, Johan. Sy is reeds die afgelope 15 jaar 'n eiendomskonsultant met haar eie besigheid, maar het ook onlangs 'n MPhil in Teologie by die US voltooi, met 'n tesis wat handel oor Jans Rautenbach se uitbeelding van die *Imago Dei* (Beeld van God) wat in elke mens sigbaar is) wat hy deur die lens van menswaardigheid in die karakters van drie van sy rolprente *Die Kandidaat, Katrina* en *Jannie Totsiens* verewig het. Steeds soek en sien sy hierdie goddelike beeld binne haar medemens.

Elmarie, gebore Du Plessis, het haar man, 'n ingenieur, in haar studentedae op Stellenbosch ontmoet en hulle is al vir 46 gelukkige jare saam.

As gemeente en vriendekring kan ons die Here innig dankbaar wees vir Elmarie se onlangse noue ontkoming. Sy was juis een aand op pad huis toe van 'n interkerklike opleidingsessie met die oog op die 2019 "Sewe weke"-kursus, toe haar motor deur 'n onverwagse versperring op die Bottelarypad van rigting gestuur is en drie keer gerol het. Elmarie het bewusteloos onderstebo gehang. Van haar mede-kerkraadslede het die ongeluk sien gebeur en kon met vele gesukkel haar oënskynlik lewelose liggaam deur 'n venster uithaal en vasstel dat sy nog lewe. Al wat sy van dié insident oorgehou het, was 'n matige harsingskudding, 'n paar bloukolle op haar gesig en sewe steke op haar agterkop (wat haar veearts-dogter binne 'n week kon verwyder).

Elmarie se visie vir haar dienstermyn as Kerkraadsvoorsitter lui as volg:

*"As 'n oud-Stellenbosser, getoë en getroud in die Moederkerk, is dit vir my 'n wonderlike voorreg om in hierdie posisie te kan dien. Ons gemeente is, soos kerke en gelowiges wêreldwyd, die liggaam van Christus op aarde. Dis nie 'n leë begrip nie, maar beteken dat die gemeente 'n lewende organisme is, wat lewe tot die eer van God.*

*"Dis my visie en wens dat ons in onderlinge liefde sal kan leef en sal kan onderskei wat die Gees vir die gemeente sê. Dat ons as Kerkraad in afhanklikheid voor God sal bly, tot Sy eer, sodat ons kan bydra dat die Koninkryk van God ook hier op Stellenbosch 'n werklikheid sal word en dat Christus gestalte op Stellenbosch deur sy gemeente sal aanneem. Dat ons instrumente van hoop en moed sal wees waar ons ook al gaan.*

**Red.**

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0c0

JONG OUERSKAP

# 'n Nuwe pappa en mamma leer baie dinge!



Die vier Scheeperse (ons tel natuurlik die vierpoot-kind ook by!

Vandag, 'n maand gelede is Liela, ons dogtertjie, gebore. Ons lewens het verander op maniere waaraan ons nie eens kon dink nie. Na 'n maand van minder slaap, ure se staar na ons prinsessie, baie doeke omruil, oom Google vra "wat nou?" is ons al bietjie meer gemaklik in ons nuwe rol as ouers.

Die ding van ouerskap wat ons die meeste verras het, is die alleenwees. Die wêreld kweek die persepsie dat kinders, of wel babas, steurend is en eerder op 'n afstand gehou moet word. Ons vriende het nog nie kinders nie, en al is hulle *great* mense, het dit gevoel asof hulle nie hierdie nuwe mensie saam met ons vier nie. En die eerste maand is uitdagend.

Of so het ons gedink! Soos wat Liela groei, word ons verras en ondersteun deur wonderlike mense. 'n Nie-regeringsorganisasie met wie ons gereeld saamwerk, bring aandete, 'n tannie uit die gemeente vra gereeld hoe dit gaan, ander stop in die straat en groet.

Na 'n maand van ouerskap is ons nie net geseënd met ons dogtertjie nie, ons is geseënd met 'n gemeenskap wat omgee. Daar is 'n gesegde wat sê "*It takes a village to raise a child,*" en ons is elke dag dankbaar om meer van ons "*village*" te leer ken.

Groete
Arina, Ruben & Liela



STOEPSTORIES

# Die vrou wat die Kor'aan in Afrikaans vertaal het

Isabel Redlinghuys is 'n fyn opgevoede en kunssinnige Afrikanervrou. In Stellenbosch gebore en getoë. Met 'n meestersgraad in taalkunde op Maties, word sy voltyds vertaler. Sy vertaal meestal tussen Afrikaanse en Engelse tekste.

Tot sy 'n paar jaar gelede genader word om die Heilige Kor'aan in Afrikaans te vertaal. "Dit het my met sterk gemengde gevoelens gelaat," vertel sy. "Aan die een kant is ek oorweldig deur die omvang en aard van die heilige boek – sou ek dit hoegenaamd kon peil? Reg daaraan laat geskied?" Aan die ander kant, die opwinding van die uitdaging. Sy het ingewillig.

Die bestaande Afrikaanse vertaling was 'n swak saamgeflansde produk. 'n Beter Engelse weergawe, nader aan die oorspronklike Arabiese grondteks, moes in Afrikaans vertaal word. Maar sy moes ook aandag aan die oorspronklike teks gee.

Maklik was dit nie. Arabiese skrif is nie eenvoudig nie. Elke bykomende kolletjie kan die betekenis of klank van die woord verander. Dus moes die fyner nuanses van die oorspronklike Arabies aan haar verduidelik word sodat die Afrikaanse vertaling dit ook weergee.



"Ek het twee Moslems gekry wat kon help met die ingewikkelde klanksisteem wat van die Arabiese klanksisteem na Afrikaanse klanke getranslitereer moes word. Ebrahim en Abdoel en ek was vasgevang in dié netwerk van subtiele klankverskille en hul betekenisse. Sonder hulle sou ek verlore gewees het."

Agterna sou sy besef dat die taak heeltemal te groot was vir één mens. 'n Kommissie sou die aangewese weg daarvoor gewees het .

"Op 'n dag het ek besef ek kan nie die pas volhou nie. Ek was ooreis, het aan geheueverlies gely en moes die werk staak. Dit was 'n groot skok, ook vir my liggaam. Vandag het ek vrede gemaak en is nederig dankbaar vir wat ek kon doen."

Isabel het ongeveer 'n derde van die Kor'aan in Afrikaans vertaal.


*Eudore Allers*


oooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooooo





Stillebosch Retreatplaas@Anatoth
op die Bottelarypad
Navrae: Marie Britz 0845151629 /
Stephan Britz: info@stillebosch.co.za











GOEIE RAAD

# Geestelike intimiteit maak die huwelik ekstra spesiaal

'n Mens kry verskillende soorte intimiteit, wat alles deel vorm van die spesiale band wat ons met mekaar in die huwelik vorm. Emosionele, fisieke of intellektuele intimiteit is voorbeelde. Maar hoeveel aandag gee ons aan "geestelike intimiteit" wat immers juis die huwelike van gelowiges onderskei en daardie "plus" gee wat ander kan misloop?

Geestelike Intimiteit *vind plaas waar huweliksmaats sáám oop is voor God, hulle ervarings van God met mekaar deel en ontdek wat dit beteken om sáám 'n instrument in God se hand te wees om 'n verskil in Sy wêreld te maak.*

Die fout wat ons soms maak, is om te dink dat geestelike intimiteit net plaasvind waar ons saam Bybel-lees en bid. Belangrik soos dit is, is dit maar 'n klein deeltjie daarvan. Elke keer wanneer ons betekenis aan ons lewens gee en dit voor God doen en dit met mekaar deel: dít is geestelike intimiteit.

Nou is dit wel so dat mense se geloofsbelewing verskil. Ons praat soms van die vier "spiritualiteitstipes" as die kop-, hart-, hand- en mistieke geloofsbelewing. Een persoon mag God dalk méér in die natuur beleef en 'n ander meer wanneer hy of sy stilword in die kerk of iets vir 'n medemens, in antwoord op die roepstem van die Here, doen Dit maak nie saak as ons verskil nie. Om die waarheid te sê, ons help mekaar juis só om méér kante van God so te kan raaksien. Die belangrikste is dat ons as huweliksmaats sal leer om mekaar te laat deel in ons ervarings sodat ons só ons verhouding ook kan versterk en die Here die geleentheid gee om ons sáám in sy diens te lei en te leer.

### 'n Lekker oefening vir Huwelikspare

*Voltooi die sinne en deel julle antwoorde met mekaar:*

- Ek het God se teenwoordigheid beleef toe …
- Dinge wat my help om naby God te bly is ...
- Dinge wat my wegtrek van God af is ...
- Die rol wat ek as ouer in die geestelike vorming van my kinders wil speel, is …
- Ek dink die Here gebruik my om …
- Wie in jou lewe was / is vir jou positiewe geestelike voorbeelde wat jy wil navolg?
- Watter vrae het jy oor God en geloof?
- Hoe verwag ek dat ons ons gesamentlike geloofslewe moet inrig?


***Johan van der Merwe***

Naas die eredienste op Sondae is Woensdagoggende en -aande se "leeskring" eintlik onmisbaar. Almal wat wil saamlees en saamgroei en wil saamstap op die geloofsreis, is welkom. Om 'n goeie geestelike boek saam met ander by 'n brandende kers te lees, dit aan die hand van goed gestruktureerde vrae deur te werk en die eerlike insette van verskillende mense te hoor, is 'n heerlike voorreg wat 'n mens nie wil misloop nie.

**BOEKRESENSIE:**

## Nouwen, Henri J M : *Spiritual direction: Wisdom for the long walk of faith.* New York: Harper Collins, 2006.

Die uitgangspunt van die boek is: "*A spiritual life cannot be formed without discipline, practice and accountability*." Op die pad van geloof is geestelike dissipline, oefeninge en verantwoordbaarheid onmisbaar. Baie mense het persoonlike afrigters wat hulle help om fiks te wees, dieëetkundiges wat hulle help om gesond te eet en lewensafrigters wat hulle bystaan om hul lewe sinvol te organiseer. Maar hoeveel mense het 'n geestelike begeleier of vriend wat hulle help om God se stem tussen al die ander stemme te kan hoor en met wie hulle hul reis met God kan deel?




So 'n geestelike begeleier is 'n volwasse Christen wat langs my loop en my ondersteun om te luister na wat God besig is om in my lewe te sê en te doen. Hy of sy help my om te beweeg van "*absurd living*" na "*obedient listening*". Die drie vrae waar-mee so 'n geestelike begeleier my kan help om perspektief oor my lewe te kry, is: "Waar is God werksaam in dit alles? Hoe dink God daaroor en hoe voel God daaroor? Het jy al met God hieroor gepraat?" Marie het een aand treffend gesê: "Elke afspraak met 'n geestelike begeleier is eintlik 'n geloofsbelydenis."

In die boek beklemtoon Nouwen die belangrikheid van die vraag **Wie is ek**? Hy bevestig dat die kern van ons identiteit daarin lê dat ons elkeen God se geliefde kind is en dat om aan dié kernwaarheid te twyfel, die groot geestelike versoeking is. Want wanneer ek hieraan twyfel, begin ek dink dat ek is wat ek doen, of ek is wat ander mense van my sê of ek is wat ek besit. Vir hom is selfverwerping die grootste vyand van geestelike groei, omdat dit ons laat twyfel aan wie ons ten diepste is en wanneer ons daaraan twyfel, soek ons ons identiteit in sukses, populariteit en mag.

Die ander kernvraag is: **Waar was ek en waar gaan ek heen**?

In die boek word aangrypend beskryf hoe die erg gestremde Adam vir die erg gedrewe, intellektueel begaafde Nouwen leer dat om net te wees belangriker is as om te doen, dat die hart belangriker is as die intellek en dat om dinge saam met ander te doen, belangriker is as om dit alleen te doen. Een van die talle kosbare paragrawe wat 'n unieke perspektief op ons lewe gee, is die volgende: "*Remember: You belong to God from eternity to eternity. You were loved by God before you were born; you will be loved by God long after you die. Your human lifetime – long or short – is only a part of your total life. Life is just a little opportunity for you during a few years to say to God: 'I love you too'.*"

Ander kernvrae wat op 'n baie helder en praktiese manier aangespreek word, is: **Wat is gebed? Wie is God vir my? Hoe hoor ek die Woord? Waar behoort ek ?** en **Waar kan ek van diens wees?**

Nouwen onderskei tussen gebed as 'n uitroep tot God, gebed as 'n gesprek met God en gebed as 'n stil luister na God se stem en hy beklemtoon die belangrikheid van 'n spesifieke plek, tyd en 'n enkele fokus by die dissipline van gebed. Dienslewering word treffend gedefinieer as die oorvloei van my liefde vir God na ander. *"Ministry is when two people toast their glasses of wine and something splashes over. Ministry is the extra."*

Die oefeninge aan die einde van elke hoofstuk bied praktiese maniere wat jou help om God se stem duideliker te hoor en om die storie van jou lewe vanuit God se perspektief te sien. Die onmisbare rol van geestelike dissiplines op die pad van geloof word deur die oefeninge onderstreep.

Die boek konfronteer jou met talle vrae: Het ek die moed om iemand anders toe te laat om só naby my te kom dat hy/sy my vlak plekke kan leer ken? Kan ek dit waag om met eerlikheid my tye van geestelike droogte en my gebrek aan geestelike dissipline met iemand anders te deel? Is ek bereid om 'n vaste tyd en plek te maak vir gebed? Kan ek afsien van my gegriefdheid, my koue woede, en met dankbaarheid leef? Is ek in staat om doelbewus die pad van "afwaartse mobiliteit" te kies, terwyl alles in my opwaarts wil be-weeg? Dit is 'n boek wat 'n mens weer en weer sal wil lees.

*Jeanette De Klerk-Luttig*

OUERS EN KINDERS

# Gasvryheid in die ouerhuis

Henri Nouwen skryf in sy boek *Reaching out* oor die verhouding tussen ouers en kinders in terme van *gasvryheid.* Hy skryf die volgende:

*Children are not properties to own and rule over, but gifts to cherish and care for. Our children are our most important guests, who enter our home, ask for careful attention, stay for a while and then leave to follow their own way. Children are strangers whom we have to get to know – they have their own style, their own rhythm and their own capacities for good and evil.*

Nouwen skryf dan verder dat elke kind 'n belofte in hom/haar dra, 'n verborge skat, en dit is ouers se roeping om elke kind deur sy opvoeding (*education*, van die Latynse woord *educare* <– *e*-uit; *ducere,* om te lei) uit te lei om hierdie skat in 'n gasvrye huis te ontdek.

Wat ouers bied is 'n huis, 'n ontvanklike ruimte met grense waar kinders kan ontdek wat veilig is en wat hulle sal help in hulle ontwikkeling. Dit is die plek waar kinders vrae kan vra en kan eksperimenteer. Dis hier waar kinders aangemoedig word om na hulle innerlike stem te luister en selfstandigheid te leer en voorberei word om, wanneer hulle die huis verlaat, met waagmoed en onderskeiding hulle vryheid te hanteer. 'n Gasvrye huis, skryf Nouwen, is 'n plek waar die gesin – pa, ma en kinders – hulle talente vir mekaar kan wys, waar elke indiwidu opdaag, teenwoordig is en mekaar ondersteun deur die uitdagings van die lewe. Hierdie gasvrye ruimte, wat ons *huis* noem, raak die kleedrepetisie vir die lewe. Hier oefen ons, maak ons foute en kan ons mekaar in liefde reghelp.

*"Kinders is ons héél belangrikste gaste"*

Die doop van babas in ons gemeente kom bevestig wat Nouwen sê. Elke keer wanneer ouers babas laat doop, word hulle en die res van die gemeente daaraan herinner dat ons kinders nie ons as ouers se besittings is nie, maar eerder dat ons kinders 'n gawe van God is en dat die doop kom sê *dat ons aan die Here behoort.* Die gemeenskap van gelowiges word dan die groter huis waarin ons kinders ingelyf word en waarin ons mekaar help en ondersteun om na die LIG te groei.

Mag ons huise meer en meer gasvrye ruimtes word waarin ons ons kinders tot volwassenheid kan begelei.

***Jan van Zyl***

UIT DIE TIENERBEDIENING SE HANDBOEKIE:

# Belydenisklas-Pelgrimstog 8-9 September 2018



Welkom op ons jaarlikse Belydenis Pelgrimstog! Hierdie staptog in die Boesmanskloof is 'n heerlike avontuur en raak 'n metafoor vir elkeen van julle se lewens-"*journey*" wat voorlê. Op hierdie pad ontmoet jy nuwe mense, kom jy by asemrowende plekke, kry jy opdraandes, word jy moeg, dra jy swaar, kry jy blase, en dan is daar weer afdraandes, tyd vir uitspan en piekniek, en dan weer skouer aan die wiel. En soms is daar ook verrassings, soos om aan die einde van 'n harde dag 'n warm stort te neem, om 'n vuur te sit, lekker te eet en by mekaar se stories te leer.

Ons pak die naweek aan deur natuurlik eerstens die pad te betree met ons voete. Ons gaan stap. Maar daar is meer as net stap. Ons gaan dit bewustelik doen, en soos iemand dit so mooi gesê het: *Connecting with your soul through your soles . . .*

Ons gaan die naweek inrig deur 'n paar praktiese *lewensritmes* in te oefen wat hopelik deel van jou alledaagse lewenswyse gaan word. In ons gejaagde lewe kyk ons baie keer die betekenisvolle dinge wat om ons gebeur mis, of ons versuim bloot om geleenthede raak te sien en te gebruik om te groei en hoop te bring. Die *ritmes* wat ons gaan inoefen, wil ons help om met betekenis en hoop te leef. Daar is 8 ritmes wat amper soos "*apps"* funksioneer. By elkeen gaan ons na 'n teksgedeelte kyk en reflekteer met 'n paar praktiese vrae, wat jou ook sal neem na hoe jy dit in die praktyk kan gaan uitleef. .

**# RITME 1: Spieël – Wie is ek? Wie is God?**
**Rom 12:1,2: *Place Your Life Before God***
**12** [1-2] *So here's what I want you to do, God helping you: Take your everyday, ordinary life—your sleeping, eating, going-to-work, and walking-around life—and place it before God as an offering. Embracing what God does for you is the best thing you can do for Him. Don't become so well-adjusted to your culture that you fit into it without even thinking. Instead, fix your attention on God. You'll be changed from the inside out. Readily recognize what he wants from you, and quickly respond to it. Unlike the culture around you, always dragging you down to its level of immaturity, God brings the best out of you, develops well-formed maturity in you.*

**Lees nou Ps 139:**

Wat is my prentjie oor myself? Skryf 5 goed neer wat jy van jouself waardeer.

Wat is my prentjie op die oomblik van God? Waar het ek God die afgelope week raakgesien?

*Voortgesit op bladsy 18:*




**# RITME 2: Muurprop/konneksie**

Lees weer Ps 139 nadenkend deur. Maak nou jou oë toe. Luister na al die klanke van die natuur en probeer agterkom wat jy alles hoor. Haal 'n paar keer diep asem. Raak bewus van jou hartklop. Dink aan jou liggaam wat die Here op 'n wonderbaarlike wyse gevorm het. Raak bewus daarvan dat God sy woonplek in jou kom maak het: *Besef jy nie dat jou liggaam 'n tempel van God is nie, dat Hy deur sy Gees in jou woon nie?* (1 Kor 6:19).

Bid die volgende gebed van Brother Roger:

*Jesus, your Light is shining within us,*
*let not my doubt and my darkness speak to me.*
*Jesus, your Light is shining within us,*
*let my heart always welcome your love.*

**# RITME 3: 3-been-pot/*Fellowship***

Die Afrika begrip *UBUNTHU* beteken dat ons *'n mens is tussen ander mense.* Ons betekenis lê in ons saam-wees met mekaar.

- Dink na oor wie die mense is wat betekenis ingedra het in jou lewe, jou kom bevestig het en bygedra het dat jy is wie jy vandag is.
- Hoekom is dit belangrik om die invloed van wyse mense in jou lewe te hê en hoe lyk dit as jy ag slaan op sulke mense se inspraak in jou lewe?

**# RITME 4: Legkaart stuk – My lewe as 'n gawe (*gift*)**

**1 Kor 12:14-24 ( Message-vertaling)**

14-18 *I want you to think about how all this makes you more significant, not less. A body isn't just a single part blown up into something huge. It's all the different-but-similar parts arranged and functioning together. If Foot said, "I'm not elegant like Hand, embellished with rings; I guess I don't belong to this body," would that make it so? If Ear said, "I'm not beautiful like Eye, limpid and expressive; I don't deserve a place on the head," would you want to remove it from the body? If the body was all eye, how could it hear? If all ear, how could it smell? As it is, we see that God has carefully placed each part of the body right where he wanted it.*



19-24 *But I also want you to think about how this keeps your significance from getting blown up into self-importance. For no matter how significant you are, it is only because of what you are a part of. An enormous eye or a gigantic hand wouldn't be a body, but a monster. What we have is one body with many parts, each its proper size and in its proper place. No part is important on its own.*

- Hoe is jou lewe 'n gawe?
- Watter deel van die liggaam is ek?
- Hoe lyk dit as God my met my gawes gebruik?



**# RITME 5: Boom – vrug/lewe**

**Ps 1:3** Hy is soos 'n *boom geplant langs* waterstrome, wat *vrugte* dra *op* die regte *tyd*. *Sy blare verwelk nie*; in alles wat hy doen, is hy voorspoedig**.**

- Hoe lyk dit as ek in my buurt/by die skool/tussen my vriende geplant is en vrug dra?
- Watter vrugte het my vriendekring, skool nou nodig?

**# RITME 6: Horlosie – tyd, middele, vaardighede**

- Watter talente het ek om aan die Here te wy?
- Hoe sal dit lyk as ek 'n deel van my sakgeld/tyd/vaardighede gee om te help bou aan God se Koninkryk, wat deel van ons alledaagse lewe is?

**# RITME 7: Inklusiwiteit/Versoening**

- Wie sluit jy in en wie sluit jy uit jou lewe uit?
- In 'n komplekse samelewing van rassisme, diskriminasie, waar mense mekaar boelie, watter rol kan ek speel om versoening te bring, menswaardigheid, harmonie – tussen alle mense?



**# RITME 8: Heelheid**

- Waar kort ek heelheid in my lewe?
- *VULNERABILITY is uncertainty, risk, emotional exposure, . . . but also the birthplace of love, joy, courage, empathy, creativity* [Brené Brown]

Gebed van Vader Francis Cull:


*Holy Father, make us HOLY*
*Holy Jesus, make us HOLY*
*Holy Spirit, make us HOLY*
*Holy God, make us* ***WHOLE****!*




***Jan van Zyl***




# Chippie se Portretgalery


MOEDERKERK
KRUISKERK














## Die avonture van Chippie

Hello maats

Sjoe, dit was darem die hele September vreeslik koud hier in Stellenbosch! Maar weet julle wat: ek gee nie om nie. Die haartjies op my vel hou my lekker warm as ek in die aande in die groot eikeboom gaan slaap. Ek is net so bly oor al die reën wat ons gekry het! Onthou julle hoe dit gereën het toe ek op lentedag vir julle kom kuier het?

lees verder op die agterblad



Ek het eers saam met julle in die kerk gesit toe dit so hard begin reën het. Ek het by myself gewonder: "Wat gaan ek doen as ek saam met al hierdie kinders in die nattigheid moet loop? Hulle gaan mos siek raak!"

Gelukkig het dit vir 'n kort tydjie ophou reën sodat julle saam met my kon stap. Ek dink dat mens sommer kan sê God het die '*pause*' knoppie gedruk, sodat dit later verder kan reën!



Dit was vir my so mooi om te sien hoe julle sulke mooi briefies geskryf en ingekleur het vir al die verskillende mense wat by Utopia en Azaliahof bly. Ek het bietjie met van die mense gepraat en gehoor hoe baie hulle daarvan gehou het. Wel, ek hoop hulle het my "*tsjirp-tsjirp*"-geluide verstaan toe ek met hulle probeer praat het. Hulle was behoorlik in die wolke! (Ek het maar net weer in my groot ou boom geklim toe almal weg was).

Ek dink nou sommer aan hoeveel mense daar op aarde is, en hoe baie verskillende tale hulle praat. Kan jy 'n ander menstaal verstaan? Of al die ander tale? Maar God verstaan elke mens se gebede in sy eie taal en hy luister na almal--selfs na babatjies wat nog nie woordjies kan sê nie, maar net na liefde soek. Mammas is soms radeloos as hulle babatjies huil en hulle nie weet wat hulle wil hê nie, maar God help hulle deur vir hulle liefde in hulle harte te gee --en dit is die Goddelike taal wat almal verstaan.

Miskien is dit hoe die mense van Utopia en Azaleahof gevoel het toe ek in Eekhoringtaal met hulle probeer praat het. Ek weet gelukkig dat hulle ook baie lief vir my is, selfs al verstaan hulle nie my taal nie.

Nouja, ek moet julle vir eers groet. Ek kan nie wag om julle volgende keer weer te sien nie! Onthou om vir my te waai as julle verby die groot eikeboom stap!

Liefde

**Chippie**

## Woordsoek:

Kyk of jy die volgende woorde onder in die blok kan vind. Onthou dat hulle op, af, links, regs en skuins loop.

| | |
|---|---|
| koud | reen |
| azaliahof | liefde |
| nat | eikeboom |

| | |
|---|---|
| lentedag | utopia |
| jesus | brief |
| mamma | baba |

| |
|---|
| chippie |
| blomme |
| kerk |



Groete

Tannie Marianca

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a | v | b | l | o | m | m | e | w | n | a |
| m | z | d | v | c | h | i | p | p | i | e |
| n | m | a | b | g | o | o | d | f | s | g |
| u | q | v | l | e | n | t | e | d | a | g |
| t | s | b | e | i | k | e | b | o | o | m |
| o | y | t | o | b | a | b | a | y | i | a |
| p | y | n | a | t | z | h | x | c | p | m |
| i | j | m | n | s | t | k | o | u | d | m |
| a | e | r | e | e | n | k | a | f | b | a |
| i | s | u | j | i | r | k | l | w | w | e |
| b | u | l | i | e | f | d | e | f | d | w |
| s | s | m | k | c | y | b | r | i | e | f |